# Egpaar droom groot drome vir sirkus



**Brent van Rensburg en Laurence Esteve is die "ouers" wat die kinders van die Zip Zap Sirkus na groot hoogtes lei.** Foto: Dion Lückhoff

**Hannelie Booyens**

KAAPSTAD. – As die sirkus eers in jou bloed is, is daar min wat jy kan doen om dit te onderdruk. Vra gerus vir Brent van Rensburg en sy Franse vrou, Laurence Esteve.

Dié Houtbaaise egpaar deel 'n passie vir dié antieke vermaaklikheidsvorm wat hulle van ver lande na Kaapstad gebring het waar hulle deesdae aan die stuur van die gewilde Zip Zap Sirkus staan.

Dié sirkus bestaan uit kinders tussen 7 en 18 jaar van uiteenlopende agtergronde. Brent en Laurence is saam vir die bestuur van die onderneming verantwoordelik. Brent behartig ook self die afrigting van al die sirkustoertjies.

Hy was sestien toe hy een van die eerste leerlinge by Keith Anderson se sirkusskool in Observatory geword het. Sy groot liefde was die sweefstok, maar later het hy 'n verskeidenheid ander toertjies aangeleer.

In 1978 is Brent oorsee om 'n professionele sirkusarties te word. Vir vyftien jaar het hy saam met verskeie sirkusse deur Europa getoer. In dié tyd het hy hegte vriendskappe gesmee en waardevolle ervaring opgedoen.

Brent en Laurence het mekaar in die Karibiese Eilande ontmoet waar hulle vakansiewerk gedoen het.

"Tóé het sy nog my salaris betaal!" terg Brent. "En nou maak ek kouse en kostuums heel," lag Laurence.

Op die eksotiese eiland hul liefde geblom en kort voor lank het Brent vir Laurence op die sweefstok begin touwys maak. Die egpaar is na Frankryk, waar hulle vir 'n tyd in Parys, Laurence se geboortestad, saam in 'n sirkus gewerk het.

In 1992 het hulle vir 'n vakansie na Suid-Afrika gekom en in dié tyd "sommer vir die pret" by die Waterfront 'n sweefstok opgerig om kinders touwys te maak. Die belangstelling was só oorweldigend dat hulle summier besluit het om hul ervaring in te span om 'n sirkusskool vir kinders op die been te bring.

## Nederige begin

Laurence se veelsydigheid en haar bestuursagtergrond (sy het 'n meestersgraad in besigheidsbestuur) het handig te pas gekom om dié idee gestalte te gee. Vandag is sy steeds die praktiese een wat ál die sirkus se administrasie, geldsake en bemarking behartig.

Van 'n nederige ontstaan in verlate pakhuise het die sirkus kort voor lank só gegroei dat hulle na die Grahamstadse Kunstefees genooi is. Sedertdien het die sirkus al na Denemarke, Switserland en Frankryk getoer waar hulle baie gunstig ontvang is. Vanjaar gaan hulle Suid-Afrika by die Wêreld Ekspo in Lissabon verteenwoordig.

Baie van die kinders wat ses jaar gelede by die sirkus aangesluit het, is vandag steeds lede. "Ons het baie geheg geraak aan die kleingoed," verduidelik Brent.

"Die sirkus het 'n groot gesin geword. Van die begin af was die prioriteit om kinders van verskillende agtergronde en kulture te leer om saam te werk. Ons doel is geensins om hulle bloot op te lei om professionele sirkusartieste te word nie. Die sirkus leer hulle lewensvaardighede wat hulle op geen ander plek kan bekom nie."

Laurence en Brent het nog nooit oudisies vir die sirkus gehou nie. "Ons nooi gewoonlik kinders wat belangstel om saam te kom oefen. Dié outjies wat nie die deursettingsvermoë het nie, val gou uit. Om in 'n sirkus te wees is ongelooflike harde werk. Die kinders wat uiteindelik opgeneem word, moet bereid wees om ál hul vrye tyd en vakansiedae op te offer. Dit is net dié wat baie toegewyd is wat volhou," sê Laurence.

"Omdat die sirkus ons passie is, verwag ons van die kinders om ook hartstogtelik daaroor te wees," voeg Brent by.

Selfs wat taal betref, is die sirkus 'n leerskool soos min. Brent en Laurence het soms moeite om by te hou by die mengelmoes van tale – Afrikaans, Engels, Xhosa en selfs Frans – waarin die kinders met mekaar kommunikeer.

Veiligheid is 'n groot prioriteit. Afgesien van toerusting soos vangnette en matte, leer hulle die kinders om respek te hê vir die toerusting waarmee hulle werk. "Kinders is van nature onverantwoordelik en spelerig. Soms moet hulle eers 'n paar stampe en stote deurmaak om die erns van dié situasie en die potensiële gevaar te verstaan," sê Brent.

Laurence skryf die sukses van die sirkus toe aan Brent se slag met kinders. "Hy is eenvoudig wonderlik. Hy weet presies wanneer om hard te praat en wanneer om hulle te prys. Hy is altyd regverdig. Die kinders sal enige iets vir hom doen."

Hul eie dogter, Sabine, is op vyftien maande reeds by die sirkus betrokke. "Sy doen al klaar toertjies saam met ons. Ons sal haar nooit dwing om in die sirkus te werk nie, maar dit is onvermydelik dat die sirkus ook deel van haar lewe gaan word."

Die egpaar se uiteindelike droom is om 'n permanente sirkusskool in die Kaap te vestig. "Ons het baie dringend 'n groter plek nodig waar ons meer kinders kan betrek. Behalwe vir sirkus, teater, dans en musiek, wil ons ook ander vaardighede soos stel-, en kostuumontwerp, sweis- en houtwerk, beligting, musiekredigering en video- en filmtegnieke aanbied. Later sal dit miskien selfs in 'n technikon kursus omskep kan word," sê Brent.

☐ Die Zip Zap Sirkus tree nog tot 16 Januarie in die Baxter Teater op.